Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

# Vrydag 22 Mei 2020

## Samestellings – Bladsy 77

**Taalfokus 1: Samestellings, afleidings en deelwoorde**

Gesels weer in die klas oor wat jy in Tema 7 oor basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels geleer het.

Wanneer ons 'n nuwe woord vorm deur 'n voorvoegsel of agtervoegsel aan 'n basisvorm te voeg, noem ons die nuwe woord 'n **afleiding**. Voorvoegsels en agtervoegsels verander 'n woord se betekenis.

**Voorbeelde**

grap → grap-pig; grap-pende

vriend → be-vriend; vriend-in; vriend-elik; on-vriend-elik

Ons kan ook basisvorme saamvoeg om nuwe woorde te vorm. Dit word **samestellings** genoem.

**Voorbeelde**

grap + kas → grapkas        skreeu + snaaks → skreeusnaaks

'n **Deelwoord** is 'n nuwe woord wat van 'n werkwoord afgelei of gevorm is. 'n Deelwoord eindig op -de of -te.

**Voorbeelde**

praat → pratende        tik → getikte

1. Vorm nuwe woorde deur samestellings te maak:
   a) vis + man        b) spring + mielie
   c) gas + vrou        d) fliek + teater
2. Vorm nuwe woorde deur 'n voorvoegsel of agtervoegsel te gebruik:
   a) hap        b) vis
   c) smaak        d) voor